*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1445 | PRICE 10c PRYS | REGULASIEKOERANT No. 1445

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | OVERSEAS 15c OORSEE POST FREE — POSVRY | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 71] PRETORIA, 21 MAY 21 MEI 1971 [No. 3110

## PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 115, 1971.

AMENDMENT OF THE SIXTH SCHEDULE TO THE MEDICAL, DENTAL AND PHARMACY ACT, 1928 (ACT 13 OF 1928)

Under the powers vested in me by section 61 *bis* (2) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended by section 15 of Act 44 of 1969, read with section 94 of Act 13 of 1928, I do hereby on the recommendation of the Drugs Control Council, as provided in the said section 61 *bis* (2), amend the Sixth Schedule to the said Act, published under Proclamation 229 of 1966, as amended by Proclamations 102 of 1967, 135 of 1968, R. 158 and R. 300 of 1969, 189 of 1970 and 46 of 1971, as follows:

The substitution for the paragraph with regard to phenothiazine, etc., of the following:

"Phenothiazine and phenothiazine derivatives, their salts; preparations and admixtures containing them when intended for the treatment of human ailments, except preparations containing promethazine or promethazine salts when intended specially for the treatment of travel sickness or local application to the epidermis.".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-seventh day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

C. DE WET.

## PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 115, 1971

WYSIGING VAN DIE SESDE BYLAE VAN DIE WET OP GENEESHERE, TANDARTSE EN APTEKERS, 1928 (WET 13 VAN 1928)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 61 *bis* (2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig by artikel 15 van Wet 44 van 1969, gelees met artikel 94 van Wet 13 van 1928, wysig ek hierby op aanbeveling van die Medisynebeheerraad, soos in genoemde artikel 61 *bis* (2) bepaal, die Sesde Bylae van genoemde Wet, afgekondig by Proklamasie 229 van 1966, soos gewysig by Proklamasies 102 van 1967, 135 van 1968, R. 158 en R. 300 van 1969, 189 van 1970 en 46 van 1971, soos volg:

Die vervanging van die paragraaf met betrekking tot fenotiasien, ens., deur die volgende:

"Fenotiasien en fenotiasienderivate, hulle soute; preparate en mengsels wat daarvan bevat wanneer vir die behandeling van menslike kwale bedoel, uitgesonderd preparate wat prometasien of prometasiensoute bevat wanneer dit spesiaal bedoel is vir die behandeling van reissiekte of vir plaaslike aanwending aan die epidermis.".

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

C. DE WET.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 117, 1971

## BANTU HOMELAND CO-OPERATIVES

Under and by virtue of the powers vested in me by section 25 (1) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 (1) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby declare that the provisions contained in the Schedule to this Proclamation shall, with effect from the date of publication hereof and notwithstanding the provisions of any other law, have the force of law in the Bantu homelands referred to therein.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Seventh day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

## SCHEDULE

ARRANGEMENT OF SECTIONS


| | | Section |
|---|---|---|
| Chapter I | Application and definitions | 1, 2 |
| Chapter II | Registration | 3–14 |
| Chapter III | Management and functions | 15–25 |
| Chapter IV | Financial control | 26–38 |
| Chapter V | Dissolution | 39–44 |
| Chapter VI | General | 45 |

*Annexures*

Annexure A... Application for registration of a co-operative.
Annexure B... Certificate of registration.
Annexure C... Model regulations.


## CHAPTER I.—APPLICATION AND DEFINITIONS

*Application of Proclamation*

1. (1) This Proclamation shall apply in the following Bantu homelands:

(a) The areas included in the Schedule to the Bantu Land Act, 1913 (Act 27 of 1913);

(b) any land of which the South African Bantu Trust referred to in section 4 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), is the registered owner;

(c) such areas as may by resolution of both Houses of Parliament be designated as Bantu areas for the purposes of section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927).

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), this Proclamation shall not apply in the Transkei as defined in section 2 of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act 48 of 1963).

*Definitions*

2. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates—

(a) "Bantu person" means a person who is a Bantu within the meaning of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950);

(b) "co-operative" means a group of Bantu persons registered in terms of this Proclamation as either—

(i) a primary homeland co-operative referred to in section 4; or

(ii) a secondary homeland co-operative referred to in section 5;

(c) "funds" means the funds possessed by a co-operative with which it may meet its liabilities or expenses;

(d) "homeland" means a Bantu homeland referred to in section 1 (1);

(e) "management committee" means the management committee of a co-operative referred to in section 2;

R. 117, 1971

## BANTOETUISLAND-KOÖPERASIES

Kragtens die bevoegheid my verleen by artikel 25 (1) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 (1) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), verklaar ek hierby dat die bepalings in die Bylae van hierdie Proklamasie vervat, met ingang van die datum van afkondiging hiervan, ondanks die bepalings van 'n ander wet, die krag van wet het in die Bantoetuislande daarin genoem.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

## BYLAE

RANGSKIKKING VAN ARTIKELS


| | | Artikel |
|---|---|---|
| Hoofstuk I | Toepassing en woordomskrywing | 1, 2 |
| Hoofstuk II | Registrasie | 3–15 |
| Hoofstuk III | Bestuur en funksies | 16–26 |
| Hoofstuk IV | Finansiële beheer | 27–39 |
| Hoofstuk V | Ontbinding | 40–45 |
| Hoofstuk VI | Algemeen | 46 |

*Aanhangsels*

Aanhangsel A... Aansoek om registrasie van 'n koöperasie.
Aanhangsel B... Registrasie sertifikaat.
Aanhangsel C... Modelregulasies.


## HOOFSTUK 1.—TOEPASSING EN WOORDOMSKRYWING

*Toepassing van Proklamasie*

1. (1) Hierdie Proklamasie is van toepassing in die volgende Bantoetuislande:

(a) Die streke wat ingesluit is in die Bylae van die Bantoe Grond Wet, 1913 (Wet 27 van 1913);

(b) enige grond waarvan die Suid-Afrikaanse Bantoetrust in artikel 4 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), genoem, die geregistreerde eienaar is;

(c) sodanige streke as wat by besluit van beide Parlementshuise aangewys mag word as Bantoestreke vir die toepassing van artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927).

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) is hierdie Proklamasie nie van toepassing nie in die Transkei, soos omskryf in artikel 2 van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet 48 van 1963).

*Woordomskrywing*

2. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(a) "Bantoepersoon" 'n persoon wat 'n Bantoe is binne die betekenis van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950);

(b) "bestuurskomitee" die bestuurskomitee van 'n koöperasie in artikel 21 bedoel;

(c) "fondse" geld waaroor 'n koöperasie beskik en waarmee hy sy verpligtings kan nakom of uitgawes kan dek;

(d) "koöperasie" 'n groep Bantoepersone wat ingevolge hierdie Proklamasie geregistreer is as òf—

(i) 'n primêre tuisland-koöperasie in artikel 5 bedoel;

(ii) 'n sekondêre tuisland-koöperasie in artikel 5 bedoel;

(e) "lid" 'n persoon wie se naam verskyn op die ledelys van 'n koöperasie wat ingevolge hierdie Proklamasie geregistreer is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(f) "member" means a person whose name appears on the list of members of a co-operative which has been registered in terms of this Proclamation;

(g) "Minister" means the Minister of Bantu Administration and Development;

(h) "Registrar" means the official designated under section 3 (1) as the Registrar of Homeland Co-operatives and includes any person who lawfully acts on his behalf;

(i) "regulations" means the regulations of co-operative as approved by the Registrar in terms of section 8 (1).

## CHAPTER II.—REGISTRATION

*Appointment of Registrar*

3. (1) The Minister may designate an officer to be known as the Registrar of Homeland Co-operatives to exercise the powers and to perform the duties assigned to him by this Proclamation.

(2) The Registrar may, with the approval of the Minister and subject to such conditions as the Registrar may determine, delegate any of his powers and duties to an officer in the service of the Department of Bantu Administration and Development.

*Registration of Primary Homeland Co-operatives*

4. (1) Any 10 or more Bantu persons older than 18 years who have a common object as set out in subsection (2) and who have adopted regulations which are not inconsistent with this Proclamation may apply to the Registrar to be registered as a primary homeland co-operative.

(2) The common object referred to in subsection (1) may include any or all of the following:

(i) The collection, storage or disposal, to the best advantage of members, of agricultural products, livestock or livestock products;

(ii) the supply, to the best advantage of members, of agricultural implements, machinery or any other requisites;

(iii) the acquisition of information for the promotion of more effective farming methods and the making available of this information to members;

(iv) the acquisition of any assets which may be necessary for successful business;

(v) the acquisition of funds whether by the levying of a membership fee or by the raising of loans or in any other manner approved by the Registrar in order to maintain effective business principles and management;

(vi) the advancing or supply to members of factors of production or consumer goods;

(vii) the joint rendering of services to promote the interests of members;

(viii) the taking, with the approval of the Registrar, of any other action within the purview of this Proclamation on behalf of members.

*Registration of Secondary Homeland Co-operatives*

5. If it is considered to be to the benefit of a community, two or more registered primary homeland co-operatives may apply to the Registrar to be registered as a secondary homeland co-operative.

*Preliminary Procedure Prior to Obtaining Registration*

6. (1) No Bantu Homeland Co-operative shall be registered unless there has first been held a meeting at which there has been present the number of persons competent to form such a co-operative, and at which there has been presented—

(a) a written statement showing the objects of the co-operative;

(b) a copy of the regulations which it is proposed to tender for registration.

(f) "Minister" die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

(g) "Registrateur" die beampte wat kragtens artikel 3 (1) as die Registrateur van Tuisland-Koöperasies aangewys is en ook enige persoon wat regtens en namens hom handel;

(h) "regulasies" die regulasies van 'n koöperasie soos deur die Registrateur goedgekeur kragtens artikel 8 (1);

(i) "tuisland" 'n Bantoetuisland in artikel 1 (1) bedoel.

## HOOFSTUK II.—REGISTRASIE

*Aanstelling van Registrateur*

3. (1) Die Minister kan 'n beampte aanwys wat die Registrateur van Tuisland-Koöperasies heet om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te vervul wat by hierdie Proklamasie aan die Registrateur toegewys word.

(2) Die Registrateur kan, met die goedkeuring van die Minister en behoudens sodanige voorwaardes as wat die Registrateur mag bepaal, van sy bevoegdhede en pligte delegeer aan 'n beampte wat in die diens staan van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

*Registrasie van Primêre Tuisland-Koöperasies*

4. (1) Enige 10 of meer Bantoepersone bo die ouderdom van 18 jaar wat 'n gemeenskaplike doel het soos in subartikel (2) uiteengesit en regulasies aangeneem het wat nie strydig met hierdie Proklamasie is nie, kan by die Registrateur aansoek doen om as 'n primêre tuisland-koöperasie geregistreer te word.

(2) Die gemeenskaplike doel in subartikel (1) bedoel, kan enige van of al die volgende insluit:

(i) Om op die voordeligste wyse vir lede landbouprodukte, lewende hawe of lewende haweprodukte te versamel, op te berg of van die hand te sit;

(ii) op die voordeligste wyse vir lede landbou-implemente of -masjinerie of ander benodigdhede te verskaf;

(iii) om inligting ter bevordering van doeltreffender boerderymetodes in te win en tot beskikking van lede te stel;

(iv) om enige bates te verkry wat vir 'n suksesvolle besigheid nodig mag wees;

(v) om fondse te bekom, hetsy deur ledegeld te hef of deur lenings aan te gaan of op enige ander wyse wat die Registrateur mag goedkeur, ten einde doeltreffende besigheidsbeginsels en -bestuur te kan handhaaf;

(vi) om aan lede produksiemiddele of verbruiksgoedere voor te skiet of te verskaf;

(vii) om gesamentlik dienste te onderneem wat die belange van lede kan bevorder;

(viii) om met die goedkeuring van die Registrateur, enige ander handeling binne die omvang van hierdie Proklamasie in die belang van lede te verrig.

*Registrasie van Sekondêre Tuisland-koöperasies*

5. As dit tot voordeel van 'n gemeenskap geag word, kan twee of meer geregistreerde primêre tuisland-koöperasies by die Registrateur aansoek doen om geregistreer te word as 'n sekondêre tuisland-koöperasie.

*Stappe wat die Verkryging van Registrasie moet Voorafgaan*

6. (1) Geen Bantoetuisland-Koöperasie word geregistreer tensy daar eers 'n vergadering gehou is waarop die aantal persone aanwesig was wat bevoeg is om so 'n koöperasie op te rig, en waaraan voorgelê is—

(a) 'n skriftelike uiteensetting van die doeleindes van die koöperasie;

(b) 'n afskrif van die regulasies wat voorgeneem is om vir registrasie aan te bied.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) If each of such a number of qualified persons as is competent to form a Bantu Homeland Co-operative signs an application for membership in the proposed co-operative, those persons shall proceed to elect the first management committee.

*Applications for Registration*

7. (1) An application for registration as a co-operative shall—

(a) be directed to the Registrar, in writing, on a form substantially as set out in Annexure A;

(b) be accompanied by two copies of the proposed regulations of such co-operative, which shall be signed by the chairman and secretary of the meeting at which it was decided to establish such a co-operative;

(c) be accompanied by a list of the full names, identity numbers, sex and occupation of the members of such co-operative;

(d) be accompanied by a list of the names of the members of the management committee and the official capacity of each member;

(e) reflect the permanent address where the co-operative is to conduct its business;

(f) in the case of a secondary homeland co-operative, be signed by the chairman of the management committee of each of the primary homeland co-operatives concerned and shall be accompanied by a declaration, in writing, that at a special meeting or an annual general meeting of each primary homeland co-operative concerned it was resolved to establish, after mutual consultation, a secondary homeland co-operative.

(2) The Registrar may in his discretion refuse to register a co-operative if he is of opinion that registration would not be in the public interest or if the necessary information has not been furnished to his satisfaction.

*Registration of Co-operative*

8. (1) When the Registrar is satisfied with the information supplied to him and is satisfied that the prescribed requirements have been observed and that the regulations submitted are not inconsistent with the provisions of this Proclamation, he may register the co-operative and—

(a) approve a distinctive name for the co-operative;

(b) issue a certificate of registration substantially in the form set out in Annexure B;

(c) return one copy of the approved regulations to the co-operative concerned with the date of registration endorsed thereon and file the other copy in his office for record purposes.

(2) The production of a certificate of registration shall be *prima facie* proof of such registration.

*Name of Co-operative*

9. (1) A co-operative shall not be registered by a name identical with that by which some other co-operative is already registered or so nearly resembling that name as, in the opinion of the registrar, to mislead the public.

(2) The word "co-operative" shall form part of the registered name.

(3) The word "limited" shall be the last word of the registered name.

(2) Indien elkeen van so 'n aantal bevoegde persone as wat in staat is om 'n Bantoetuisland-Koöperasie op te rig 'n aansoek om lidmaatskap van die voorgestelde koöperasie onderteken, gaan daardie persone oor tot die verkiesing van die eerste bestuurskomitee van die koöperasie.

*Aansoek om Registrasie*

7. (1) 'n Aansoek om registrasie van 'n koöperasie moet—

(a) skriftelik aan die Registrateur gerig word op 'n vorm wat wesenlik ooreenstem met Aanhangsel A;

(b) vergesel gaan van twee afskrifte van die voorgestelde regulasies van sodanige koöperasie, wat geteken moet wees deur die voorsitter en sekretaris van die vergadering waarop daar besluit is om so 'n koöperasie in die lewe te roep;

(c) vergesel gaan van 'n lys van die volle name, persoonsnommers, geslag en beroep van die lede van sodanige koöperasie;

(d) vergesel gaan van 'n naamlys van bestuurskomiteelede en hul ampshoedanighede;

(e) die vaste adres aantoon waar besigheid deur die koöperasie gedoen sal word;

(f) in die geval van 'n sekondêre tuisland-koöperasie, onderteken word deur die voorsitter van die bestuurskomitee van elk van die betrokke primêre tuisland-koöperasies en vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring dat op 'n buitengewone vergadering of algemene jaarvergadering van elke betrokke primêre tuisland-koöperasie daar besluit is om in onderlinge oorleg, oor te gaan tot die stigting van 'n sekondêre tuisland-koöperasie.

(2) Die Registrateur kan na goeddunke weier om 'n koöperasie te registreer as hy van oordeel is dat die registrasie daarvan nie in die openbare belang sal wees of as die benodigde inligting nie tot sy tevredenheid verstrek is nie.

*Registrasie van Koöperasie*

8. (1) Sodra die Registrateur tevrede is met die inligting wat tot sy beskikking gestel is en oortuig is dat die voorgeskrewe vereistes nagekom is en dat die regulasies wat voorgelê is nie strydig is met die bepalings van hierdie Proklamasie nie, kan hy die koöperasie registreer en—

(a) 'n onderskeidende naam vir die koöperasie goedkeur;

(b) 'n registrasiesertifikaat wesentlik in die vorm uiteengesit in Aanhangsel B uitreik;

(c) een afskrif van die goedgekeurde regulasie aan die betrokke koöperasie terugstuur met die datum van registrasie daarop geëndosseer en die ander afskrif vir rekorddoeleindes in sy kantoor bewaar.

(2) Die voorlegging van 'n registrasiesertifikaat is *prima facie*-getuienis van die feit van sodanige registrasie.

*Naam van Koöperasie*

9. (1) 'n Koöperasie mag nie geregistreer word onder dieselfde naam as dié waaronder 'n ander koöperasie reeds geregistreer is of wat soveel met 'n aldus geregistreerde naam ooreenstem dat dit volgens die oordeel van die Registrateur die publiek sou kan mislei nie.

(2) Die woord "koöperasie" of 'n byvoeglike naamwoord daarvan afgelei moet deel uitmaak van die geregistreerde naam.

(3) Die woord "beperk" moet die laaste woord van die geregistreerde naam wees.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) (a) A co-operative may with the approval of the Registrar change its name by a resolution taken at a general meeting specially convened in terms of section 11 (2).

(b) When co-operative changes its name, the Registrar shall issue a new certificate of registration.

(c) The change of name shall not affect any rights or obligations of the co-operative or of its members or render defective any legal proceedings by or against the co-operative, and any legal proceedings that might have been continued or commenced by or against it under its former name may be continued or commenced under its new name.

(d) The registered name of the co-operative shall be painted or affixed to the outside door of its office or the place where business is conducted, and the name shall appear on all notices, advertisements or other official publications and on all bills, vouchers, orders for money or goods, consignment notes, invoices, receipts, letters and any other document issued by the co-operative in the conduct of its business.

*Co-operative to be a Body Corporate*

10. A co-operative registered under this Proclamation shall be a body corporate with perpetual succession and shall be capable of suing and being sued in its own name and of performing all such acts as are necessary for or incidental to the attainment of its objects and the exercise of its powers, including the entering into of contracts and the purchase, hire or lease of property.

*Regulation of Co-operative*

11. (1) The regulations of a co-operative shall consist of regulations which are substantially the same as the regulations set out in Annexure C and which have been approved by the Registrar.

(2) A regulation shall be amended only at a general meeting specially convened for this purpose and only by resolution of not less than two-thirds of the members present.

(3) (a) An amendment to a regulation shall not take effect until it has been registered by the Registrar.

(b) For this purpose two fair copies of the proposed amendment, as adopted at the meeting of the co-operative, shall be signed by the chairman and secretary of such co-operative and shall be submitted to the Registrar.

(c) If the Registrar is satisfied that the proposed amendment has been adopted in accordance with the regulations of the co-operative and that it is not inconsistent with the provisions of this Proclamation, he may register the amendment and dispose of the two copies submitted, *mutatis mutandis,* as provided for in section 8 (1).

*Registration of Co-operatives in Terms of Other Legislation*

12. (1) Notwithstanding the provisions of the Co-operative Societies Act, 1939 (Act 29 of 1939), Bantu persons in a homeland may not, after the commencement of this Proclamation in that homeland, be registered in terms of the provisions of that Act as a co-operative society.

(2) Six months after commencement of this Proclamation any co-operative society in a homeland consisting of Bantu persons who are inhabitants of a homeland in which this Proclamation applies and registered in terms of the Co-operative Societies Act, 1939, shall register in terms of this Proclamation.

(4) (a) 'n Koöperasie kan by besluit van 'n algemene vergadering wat spesiaal belê is ingevolge artikel 11 (2) en met die goedkeuring van die Registrateur, sy naam verander.

(b) Wanneer 'n koöperasie sy naam verander, moet die Registrateur 'n nuwe registrasiesertifikaat uitreik.

(c) Die naamsverandering het geen uitwerking op enige regte of verpligtings van die koöperasie of sy lede nie en maak geen regsgeding ingestel deur of teen die koöperasie ongeldig nie en enige regsgeding wat onder sy vorige naam deur of teen hom voortgesit of ingestel mag gewees het, kan onder sy nuwe naam voortgesit of ingestel word.

(d) Die geregistreerde naam van 'n koöperasie moet op die buitedeur van sy kantoor of die plek waar hy sy besigheid dryf, geskilder of opgeplak word en die naam moet op alle kennisgewings, advertensies of ander amptelike publikasies en op alle wissels, bewyse, bestellings vir geld of goedere, vragbriewe, fakture, kwitansies, briewe en enige ander dokument verskyn wat deur die koöperasie by die dryf van sy besigheid uitgereik word.

*Koöperasie is 'n Regspersoon*

10. 'n Koöperasie wat ingevolge hierdie Proklamasie geregistreer is, is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging en bevoeg om in sy eie naam as eiser en as verweerder in regte op te tree en om alle handelinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die bereiking van sy doelstellinge en die uitoefening van sy bevoegdhede, met inbegrip van die aangaan van kontrakte en die aankoop, huur of verhuur van eiendomme.

*Regulasies van Koöperasie*

11. (1) Die regulasies van 'n koöperasie bestaan uit reëls wat in hoofsaak dieselfde is as die regulasies wat in Aanhangsel C uiteengesit word en wat deur die Registrateur goedgekeur is.

(2) 'n Regulasie word gewysig slegs op 'n algemene vergadering wat spesiaal vir dié doel belê is en slegs by besluit van minstens twee-derdes van die lede aanwesig.

(3) (a) 'n Wysiging van 'n regulasie tree nie in werking voordat dit deur die Registrateur geregistreer is nie.

(b) Vir dié doel word twee duidelike afskrifte van die beoogde wysiging, soos op 'n vergadering van die koöperasie aanvaar, deur die voorsitter en sekretaris van sodanige koöperasie onderteken aan die Registrateur voorgelê.

(c) As die Registrateur daarvan oortuig is dat die beoogde wysiging ooreenkomstig die regulasies van die koöperasie aangeneem is en dat dit nie met die bepalings van hierdie Proklamasie strydig is nie, kan hy die wysiging registreer en met die twee voorgelegde afskrifte *mutatis mutandis* handel soos in artikel 8 (1) bepaal.

*Registrasie van Koöperasies ingevolge ander Wetgewing*

12. (1) Ondanks die bepalings van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet 29 van 1939), word Bantoepersone in 'n tuisland nie na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie in daardie tuisland, ingevolge die bepalings van daardie Wet as 'n koöperatiewe vereniging geregistreer nie.

(2) Na verloop van ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie moet bestaande koöperatiewe verenigings wat bestaan uit Bantoepersone wat inwoners is van 'n Bantoetuisland waarin hierdie Proklamasie van toepassing is en wat ingevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, geregistreer is, ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie registreer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Liability of Members*

13. (1) The liability of a member, a former member or the estate of a member for the payment of debts and the fulfilment of the obligations of a co-operative shall be limited to the personal liability of the person concerned towards the co-operative in respect of his commitments towards the co-operative which have not yet been settled.

(2) When a member ceases to be a member owing to resignation or death or for any other reason, the co-operative shall have a preferent claim on the assets of such member with the co-operative before the balance of the assets is paid or handed over to the former member or his next-of-kin.

*Cancellation of Registration*

14. (1) The Registrar may cancel the registration of a co-operative and withdraw the certificate of registration if he is satisfied that—

(a) such registration has been obtained by fraud or incorrect information; or

(b) the co-operative carries out its functions in a manner contrary to this Proclamation or to its regulations; or

(c) the co-operative has over a period of more than three months had fewer than 10 members; or

(d) the co-operative did not commence its activities within 12 months of the date of registration or that it has suspended its activities for 12 months, and that it has not on the date concerned commenced or resumed its activities, as the case may be.

(2) Such co-operative shall be notified by registered letter of the cancellation of its registration and the withdrawal of its certificate of registration and of the date on which such cancellation and withdrawal shall take effect.

*Admission of New Members*

15. New members may be admitted subject to the regulations of the co-operative.

## CHAPTER III.—MANAGEMENT AND FUNCTIONS

*Change of Address*

16. A co-operative shall notify the Registrar immediately of any change in its registered address.

*Access to the Proclamation, Regulations, Minutes, List of Members and Financial Statements*

17. A co-operative shall keep a copy of this Proclamation and its regulations at its registered address, and these as well as the list of members, minutes of general meetings and financial statements shall be available for inspection at all reasonable times.

*List of Members*

18. (a) The co-operative shall maintain a list of members and shall forward all amendments to the Registrar at the end of each year to enable him to bring his list up to date once a year.

(b) In addition to the full names of a member, the list shall also contain his identity number, sex and occupation.

(c) Within 30 days of an annual general meeting the Registrar shall be furnished with a separate list of the names of the elected members of the management committee and their official capacities.

*Aanspreeklikheid van Lede*

13. (1) Die aanspreeklikheid van 'n lid of van 'n voormalige lid of van die boedel van 'n lid vir die vereffening van die skulde en die nakoming van die verpligtings van 'n koöperasie is beperk tot die persoonlike aanspreeklikheid van die betrokke persoon teenoor die koöperasie ten opsigte van verpligtings deur hom teenoor die koöperasie aangegaan, wat nog nie nagekom is nie.

(2) As 'n lid ophou om lid te wees weens bedanking of oorlye of om enige ander rede, het die koöperasie 'n voorkeureis teen die bates van sodanige lid by die koöperasie voordat die balans van die bates aan die voormalige lid of sy naasbestaandes betaal of oorhandig word.

*Kansellering van Registrasie*

14. (1) Die Registrateur kan die registrasie van 'n koöperasie kanselleer en die registrasiesertifikaat intrek indien hy daarvan oortuig is dat—

(a) sodanige registrasie deur bedrog of verkeerde inligting verkry is; of

(b) die koöperasie sy funksies op 'n manier vervul wat strydig is met hierdie Proklamasie of met sy regulasies; of

(c) die koöperasie gedurende 'n tydperk van meer as drie maande minder as 10 lede gehad het; of

(d) die koöperasie nie sy werksaamhede binne 12 maande na die datum van registrasie begin het nie of dat hy sy werksaamhede 12 maande lank opgeskort het, en dat hy nie op die betrokke datum sy werksaamhede begin of hervat het nie, na gelang van die geval.

(2) Sodanige koöperasie moet per geregistreerde brief in kennis gestel word van die kansellering van sy registrasie en die intrekking van sy registrasiesertifikaat en van die datum waarop sodanige kansellering en intrekking in werking tree.

*Toelating van Nuwe Lede*

15. Nuwe lede kan, behoudens die regulasies van die koöperasie toegelaat word.

## HOOFSTUK III.—BESTUUR EN FUNKSIES

*Adresverandering*

16. 'n Koöperasie moet die Registrateur onmiddellik van enige verandering van sy geregistreerde adres in kennis stel.

*Insae in die Proklamasie, Regulasies, Notules, Ledelys en Finansiële State*

17. 'n Koöperasie moet 'n afskrif van hierdie Proklamasie en van sy regulasies by sy geregistreerde adres hou en dit, asook die ledelys, notules van algemene vergaderings en finansiële state, te alle redelike tye ter insae van enige lid stel.

*Ledelys*

18. (a) Die koöperasie moet 'n ledelys byhou en aan die einde van elke jaar alle veranderings aan die Registrateur stuur sodat hy een maal jaarliks sy lys bywerk.

(b) Die lys moet, benewens 'n lid se volle name, sy persoonsnommer, geslag en beroep bevat.

(c) Binne 30 dae na afloop van 'n algemene jaarvergadering moet die Registrateur voorsien word van 'n aparte lys van die name van die gekose bestuurskomiteelede en hulle ampshoedanighede.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Sex and Status of Member*

19. (a) A member may be male or female.

(b) A male member who is temporarily absent in order to perform other work may transfer his membership to his wife and they are then, during his absence, jointly and severally responsible for all her actions in so far as these affect the co-operative.

(c) It shall be the duty of a member to notify his co-operative whenever his wife acts in his place and also when he releases her from her membership.

*Right to Vote*

20. (a) A member shall have only one vote at a meeting of a co-operative.

(b) In the event of an equality of votes, the chairman, in addition to his deliberative vote, shall have a casting vote.

(c) A member shall be present to cast his vote.

*Management Committee*

21. (a) The operations of every co-operative shall be managed and controlled by a management committee, the members where of, with the exception of the *ex officio* members, shall be elected at the annual general meeting of the co-operative.

(b) The Registrar of Homeland Co-operatives may in consultation with the management committee appoint *ex officio* members.

(c) The management committee of a co-operative shall consist of at least three and not more than seven elected members and not more than three *ex officio* members as may be provided for in the regulations.

(d) The members of the management committee shall elect from their member a chairman, a vice-chairman, a secretary and a treasurer or a secretary/treasurer. Members shall retire annually but may be re-elected.

(e) *Ex officio* members shall not serve on the management committee as chairman or secretary or treasurer or secretary/treasurer.

(f) Members of the management committee may resign in writing, or they may be suspended if, in the opinion of the committee, they are guilty of serious misconduct. In case of doubt the Registrar may be consulted.

(g) At least six meetings shall be held annually by the management committee.

(h) A resolution of the management committee shall be a decision by a majority of the members of the committee present.

(i) Vacancies on the management committee shall be filled as prescribed by the regulations of the co-operative.

(j) At least three members of the management committee, other than *ex officio* members, shall be present at at a management committee meeting.

*Annual General Meeting*

22. The annual general meeting of a co-operative shall be held within 60 days of the end of the financial year for the purpose of considering and dealing with the financial position and the balance sheet and statement of accounts of the co-operative, and for the election of members of the management committee, and for general business.

*Members to Act in the Interests of Their Co-operative*

23. If the rendering of a service is approved as a function of the co-operative, members shall be obliged to have that service, when required, rendered by the co-operative.

*Treatment of Non-members*

24. A co-operative may with the approval of the Registrar, given either generally or specifically, undertake business for persons who are not members of the co-operative.

*Geslag en Status van Lid*

19. (a) 'n Lid kan manlik of vroulik wees.

(b) 'n Manlike lid wat tydelik afwesig is met die doel om ander werk te verrig kan sy lidmaatskap aan sy vrou oordra, en hulle is dan, gedurende sy afwesigheid, gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir al haar handelinge vir sover dit die koöperasie raak.

(c) Dit is 'n lid se plig om sy koöperasie in kennis te stel wanneer sy vrou in sy plek optree en ook wanneer hy haar van haar lidmaatskap onthef.

*Stemreg*

20. (a) 'n Lid het op 'n vergadering van 'n koöperasie slegs een stem.

(b) By 'n staking van stemme het die voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

(c) 'n Lid moet teenwoordig wees om 'n stem te kan uitbring.

*Bestuurskomitee*

21. (a) Die werksaamhede van elke koöperasie word bestuur en beheer deur 'n bestuurskomitee waarvan die lede, met uitsondering van die *ex officio*-lede, op die algemene jaarvergadering van die koöperasie gekies word.

(b) *Ex officio*-lede kan deur die Registrateur van Tuisland-Koöperasies aangestel word in oorleg met die bestuurskomitee.

(c) Die bestuurskomitee van 'n koöperasie bestaan uit minstens drie en hoogstens sewe verkose lede en hoogstens drie *ex officio*-lede soos in die regulasies bepaal mag word.

(d) Die lede van die bestuurskomitee moet uit hul geledere 'n voorsitter, 'n vise-voorsitter, 'n sekretaris en 'n tesourier of 'n sekretaris/tesourier kies. Lede tree jaarliks af maar is herkiesbaar.

(e) *Ex officio*-lede mag nie in die bestuurskomitee as voorsitter of sekretaris of tesourier of sekretaris/tesourier dien nie.

(f) Lede van die bestuurskomitee kan skriftelik bedank of kan geskors word indien hulle volgens die oordeel van die komitee aan ernstige wangedrag skuldig is. In geval van twyfel kan die Registrateur geraadpleeg word.

(g) Minstens ses vergaderings van die bestuurskomitee moet jaarliks gehou word.

(h) 'n Besluit van die Bestuurskomitee is 'n besluit van 'n meerderheid van die lede van die komitee teenwoordig.

(i) 'n Vakature wat op die bestuurskomitee ontstaan word gevul op die wyse wat in die regulasies van die koöperasie bepaal word.

(j) Minstens drie lede van die bestuurskomitee uitgesonderd *ex officio*-lede, moet op 'n bestuurskomiteevergadering teenwoordig wees.

*Algemene Jaarvergadering*

22. Die algemene jaarvergadering van 'n koöperasie word binne 60 dae na die einde van die boekjaar gehou om die finansiële toestand en die balansstaat en die staat van rekenings van die koöperasie te oorweeg en te behandel, en om bestuurskomiteelede te kies, en vir algemene besigheid.

*Lede moet in Belang van hulle Koöperasie Optree*

23. Indien die lewering van 'n diens as 'n funksie van 'n koöperasie goedgekeur is, is lede verplig om daardie diens, wanneer hulle dit nodig het, deur die koöperasie te laat lewer.

*Behandeling van Nie-lede*

24. 'n Koöperasie kan met die toestemming van die Registrateur, hetsy in die algemeen hetsy in die besonder, besigheid doen ten behoewe van persone wat nie lede van die koöperasie is nie.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*Preferent Claim of the Co-operative*

25. (a) Should a member fail to pay his debts to the co-operative, the co-operative shall have a preferent claim on the member's crop or crops, provided such debts were incurred for the specific purpose of producing such crop or crops.

(b) Where implements, machinery or livestock have been supplied to a member on credit, the co-operative shall have a preferential right to such implements, machinery or livestock in the event of non-payment therefor by the member.

*Settlement of Disputes*

26. (a) Any dispute arising within a co-operative shall be referred to the annual general meeting or to a special general meeting and, in the event of it not being resolved, it shall be referred to the Registrar.

(b) The Registrar may himself resolve the dispute or he may appoint an arbitrator to do so or, in exceptional cases, he may seek a court ruling.

(c) The findings of an arbitrator, the Registrar or the court shall be final and binding.

## CHAPTER IV.—FINANCIAL CONTROL

*Keeping of Books*

27. A co-operative shall keep proper books in any one of the official languages, reflecting all transactions and actions.

*Financial Year*

28. The financial year of a co-operative shall extend from the first day of July to the next succeeding last day of June, both days inclusive, save where the regulations of the co-operative otherwise provide.

*Auditing*

29. (1) (a) At least once a year after the end of a financial year a person approved by the Registrar shall audit the accounts of the co-operative. Where such audit is undertaken for renumeration, the cost shall be borne by the co-operative.

(b) The person undertaking the audit may ask the co-operative for any documentary proof, books, accounts or any other information which he may consider necessary for the performance of his duties and he may require from the chairman or the secretary or the treasurer or the secretary/treasurer such information and explanations as he may deem necessary.

(2) (a) The Registrar may, notwithstanding the provisions of any other law, summon any member to appear before him or to produce or to declare any book, document or other item or asset of or any other information in connection with the co-operative which he may consider to be in the interests of the co-operative.

(b) The membership of any member who fails to comply with the requirements of the Registrar under paragraph (a) may, unless he has a lawful excuse therefor, be terminated.

*Investigation of Affairs of Co-operative*

30. The Registrar may himself investigate the affairs of a co-operative or may appoint some other person to do so if he considers it necessary.

*Cost of Investigation*

31. The Registrar may allocate the cost of a comprehensive investigation to either or both of the parties concerned in a dispute in such proportion as he may consider expedient.

*Borrowing Powers of Members*

32. The management committee may make loans or advances with or without security to members.

*Voorkeur-eis van die Koöperasie*

25. (a) Indien 'n lid versuim om sy skulde aan die koöperasie te vereffen, het die koöperasie 'n voorkeur-eis teen die lid se oes of oeste, mits die skuldverpligting aangegaan is met die spesifieke doel om sodanige oes of oeste voort te bring.

(b) Waar implemente, masjinerie of lewende hawe op krediet aan 'n lid verskaf is, het die koöperasie by versuim van sodanige lid om daarvoor te betaal, 'n voorkeurreg op sodanige implemente, masjinerie of lewende hawe.

*Oplos van Geskille*

26. (a) Enige geskil binne 'n koöperasie word na die algemene jaarvergadering of 'n buitengewone algemene vergadering verwys en by gebrek aan 'n oplossing word dit na die Registrateur verwys.

(b) Die Registrateur kan die geskil self besleg of 'n arbiter aanstel om dit te doen of in uitsonderilke gevalle 'n hofbeslissing vra.

(c) Die bevindings van 'n arbiter, die Registrateur of die hof is finaal en bindend.

## HOOFSTUK IV.—FINANSIËLE BEHEER

*Boekhouding*

27. 'n Koöperasie moet in enige een van die amptelike tale behoorlik boeke hou wat alle transaksies en handelinge aantoon.

*Boekjaar*

28. Die boekjaar van 'n koöperasie strek van die eerste dag van Julie tot die daaropvolgende laaste dag van Junie, beide dae inbegrepe, tensy die regulasies van die koöperasie anders bepaal.

*Ouditering*

29. (1) (a) 'n Persoon deur die Registrateur goedgekeur, moet minstens een maal per jaar na die einde van die boekjaar die rekeninge van die koöperasie ouditeer. Indien sodanige oudit teen vergoeding onderneem word, word die koste deur die koöperasie gedra.

(b) Die persoon wat die ouditering doen, kan enige dokumentêre bewys, boeke, rekeninge of ander inligting van die koöperasie aanvra wat hy nodig mag ag vir die uitvoering van sy taak en kan van die voorsitter of die sekretaris of die tesourier of die sekretaris/tesourier sodanige inligting en verduideliking vereis as wat hy nodig ag.

(2) (a) Die Registrateur kan, ondanks die bepalings van 'n ander wet, enige lid dagvaar om voor hom te verskyn of om nige boek, dokument of ander item of bate van enige inligting met betrekking tot 'n koöperasie voor te lê of te verklaar as hy dit in belang van die koöperasie beskou.

(b) Die lidmaatskap van enige lid wat nie aan die Registrateur se vereistes kragtens paragraaf (a) voldoen nie, kan, tensy hy 'n wettige verskoning het, beëindig word.

*Ondersoek van Sake van Koöperasie*

30. Die Registrateur kan self 'n ondersoek instel of 'n ander persoon aanstel om 'n ondersoek in te stel na die sake van 'n koöperasie as hy dit nodig ag.

*Koste by Ondersoeke*

31. Die Registrateur kan die koste van 'n omvattende ondersoek toewys aan een of albei van die partye wat betrokke is by 'n geskil in 'n verhouding wat hy goed dink.

*Leningsbevoegdheid van Lede*

32. Die bestuurskomitee kan lenings of voorskotte met of sonder sekuriteit aan lede toestaan.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Investment*

33. Any of the funds of a co-operative may be invested with a body approved by the Registrar.

*Entrance and Membership Fees*

34. At the time when it is resolved to establish a co-operative the meeting concerned shall also decide on the entrance fees and membership fees to be paid and on any other financial liabilities which a member shall incur and these resolutions shall be incorporated in the regulations of the co-operative.

*Funds*

35. Funds may, with the approval of the Registrar, be raised by way of loans or in any other manner as the management committee may decide.

*Profits*

36. Profits shall be kept in reserve but a bonus in any financial year may, with the approval of the Registrar, be paid to members.

*Fixed Property*

37. Buildings and improvements which are necessary to promote the business of a co-operative may, in the discretion of the management committee and in consultation with the Registrar, be purchased, sold, erected, leased or hired.

*Raising of Loans*

38. Loans may be obtained from the South African Bantu Trust or from any other source approved by the Registrar but only for purposes which the Registrar considers to be in the interest of the co-operative.

*Amalgamation*

39. When two or more co-operatives amalgamate with the approval of the Registrar the assets and liabilities of each of these co-operatives shall become the assets and liabilities of the new co-operative and the previous co-operatives shall cease to exist and their certificates of registration shall be cancelled.

## CHAPTER V.—DISSOLUTION

*How a Co-operative is Dissolved*

40. (1) A co-operative may be dissolved by the Registrar—

(a) voluntarily by resolution under section 41; or

(b) by order of court under section 42.

(2) Upon the dissolution of a co-operative its certificate of registration shall be withdrawn in terms of section 14 (2).

*Voluntary Dissolution*

41. A co-operative may, if the Registrar considers it in the interests of the community, be dissolved by a resolution passed by at least two-thirds of the members present at a special general meeting of the co-operative after at least 14 days' notice has been given to members that the dissolution of the co-operative is to be considered at such meeting.

*Dissolution by Order of Court*

42. A co-operative may, upon the application of an interested person, be dissolved by order of a competent court having jurisdiction in the area in which the office of such co-operative is situate.

*When a Co-operative is Dissolved*

43. A co-operative shall be deemed to be dissolved—

(a) at the time the resolution authorising dissolution is passed if dissolution is voluntary; or

(b) at the time the order of court dissolving the co-operative is made, if dissolution is under the provisions of section 42.

*Belegging*

33. Enige van die fondse van 'n koöperasie kan belê word by 'n liggaam deur die Registrateur goedgekeur.

*Toetree- en Ledegeld*

34. By die besluit tot stigting van 'n koöperasie besluit die betrokke vergadering ook oor die toetreegeld en ledegeld wat betaal moet word en enige ander geldelike verpligtings wat deur 'n lid aangegaan moet word en hierdie besluite word in die regulasies van die koöperasie uiteengesit.

*Fondse*

35. Fondse kan met die Registrateur se goedkeuring ingesamel word by wyse van lenings of op enige ander wyse na gelang die bestuurskomitee besluit.

*Winste*

36. Winste moet in reserwe gehou word, maar 'n bonus van sodanige winste in enige boekjaar kan met die Registrateur se goedkeuring aan lede uitbetaal word.

*Vaste Eiendom*

37. Geboue en verbeterings wat noodsaaklik is om die besigheid van 'n koöperasie te bevorder, kan, na goeddunke van die bestuurskomitee en in oorleg met die Registrateur, gekoop, verkoop, opgerig, gehuur of verhuur word.

*Aangaan van Lenings*

38. Lenings kan aangegaan word by die Suid-Afrikaanse Bantoetrust of enige ander bron goedgekeur deur die Registrateur maar slegs vir doeleindes wat deur die Registrateur beskou word as in belang van die koöperasie.

*Amalgamasie*

39. Wanneer twee of meer koöperasies met die goedkeuring van die Registrateur amalgameer, word die bates en laste van elk van hierdie koöperasies oorgedra aan die nuwe koöperasie en hou vorige koöperasies op om te bestaan en word hulle registrasiesertifikate ingetrek.

## HOOFSTUK V.—ONTBINDING

*Hoe 'n Koöperasie Ontbind word*

40. (1) 'n Koöperasie kan deur die Registrateur ontbind word—

(a) vrywillig by besluit ooreenkomstig artikel 41; of

(b) op bevel van 'n hof ooreenkomstig artikel 42.

(2) By ontbinding van 'n koöperasie word sy registrasiesertifikaat ooreenkomstig artikel 14 (2) ingetrek.

*Vrywillige Ontbinding*

41. 'n Koöperasie kan as die Registrateur dit in die belang van die gemeenskap ag, ontbind word by besluit geneem deur minstens twee-derdes van die aanwesige lede op 'n buitengewone algemene vergadering van die koöperasie nadat minstens 14 dae kennis gegee is aan lede dat die ontbinding van die koöperasie op sodanige vergadering in oorweging geneem sal word.

*Ontbinding op Hofbevel*

42. 'n Koöperasie kan, op aanvraag van 'n belanghebbende persoon, op bevel van 'n bevoegde hof met regsbevoegdheid in die gebied waarin die kantoor van sodanige koöperasie geleë is, ontbind word.

*Wanneer 'n Koöperasie Ontbind is*

43. 'n Koöperasie word geag ontbind te wees—

(a) sodra die besluit wat ontbinding magtig, geneem is, indien ontbinding vrywillig geskied; of

(b) sodra die bevel van die hof wat die koöperasie ontbind, gegee is, indien ontbinding kragtens die bepalings van artikel 42 geskied.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Liquidator*

44. (1) A person appointed by the Registrar shall be the liquidator of the co-operative in dissolution.

(2) The liquidator shall have powers to do all things which may be necessary to wind up the affairs of the co-operative, including the bringing or defending of any action or any other legal proceedings of a civil nature in the name and on behalf of the co-operative in a competent court of law, and to apply for the withdrawal of the certificate of registration of the co-operative.

*Division of Assets*

45. When the registration of a co-operative has been cancelled the assets of the co-operative shall be realised and the reserves shall be divided in a specific order, namely, in the first place, to meet the cost of liquidation, thereafter to discharge the liabilities of the co-operative towards its creditors and thereafter, if any assets remain, to make a *pro rata* payment to members whose names appear on the list of members as at the time of dissolution, in the proportion in which they undertook business with the co-operative.

## CHAPTER VI.—GENERAL

*Short Title and Commencement*

46. This Proclamation may be cited for all purposes as the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971.

ANNEXURE A

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A CO-OPERATIVE ESTABLISHED IN ACCORDANCE WITH THE BANTU HOMELAND CO-OPERATIVES PROCLAMATION, 1971

Place.........................................

Date.........................................

The Registrar of Homeland Co-operatives,
P.O. Box 384,
PRETORIA.

Sir,

*1. We, the undersigned,

(a) .........................................

(b) .........................................

(c) .........................................

(d) .........................................

(e) .........................................

(f) .........................................

apply herewith for the registration of a co-operative in terms of section 7 (1) of the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971.

2. The following are enclosed:

(a) The original and one copy of the proposed regulations;

(b) a list of names in terms of section 7 (1) (c) of the Bantu Homelands Co-operatives Proclamation, 1971, indicating the full names, identity numbers, sex and occupation of each member;

(c) a list of names of the management committee and their official capacities;

(d) a written declaration by primary homeland co-operatives that they wish to form a secondary homeland co-operative (delete if not applicable).

3. The name suggested for the co-operative is.........................................

.........................................

Yours faithfully,

.........................................
Chairman

.........................................
Secretary

* Indicate in the case of a primary co-operative the names of the chairman and secretary of the proposed co-operative and, in the case of a secondary co-operative, the name of the chairman of the management committee of each of the primary co-operatives concerned.

*Likwidateur*

44. (1) 'n Persoon wat deur die Registrateur daartoe benoem is, is die likwidateur van die koöperasie wat in 'n staat van ontbinding verkeer.

(2) Die likwidateur het die bevoegdheid om alles te doen wat nodig mag wees om die sake van die koöperasie te likwideer, insluitende die instelling of verdediging van 'n aksie of enige ander siviele regsgeding in 'n bevoegde hof in naam van en ten behoewe van die koöperasie en om aansoek te doen om die intrekking van die koöperasie se registrasiesertifikaat.

*Verdeling van Bates*

45. Sodra die registrasie van 'n koöperasie gekanselleer is, word die bates van 'n koöperasie te gelde gemaak en word die bedrag beskikbaar verdeel in 'n bepaalde volgorde, naamlik eers vir die bestryding van die likwidasiekoste, daarna vir die vereffening van die skuld van die koöperasie teenoor sy skuldeisers en daarna, indien daar enige bates oorbly, vir 'n *pro rata*-uitbetaling aan lede wat ten tyde van die ontbinding op die ledelys was in die verhouding waarin hulle met die koöperasie besigheid gedoen het.

## HOOFSTUK VI.—ALGEMEEN

*Kort Titel en Inwerkingtreding*

46. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Proklamasie op Bantoetuisland-koöperasies, 1971.

AANHANGSEL A

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N KOÖPERASIE GESTIG OOREENKOMSTIG DIE PROKLAMASIE OP BANTOETUISLAND-KOÖPERASIES, 1971

Plek.........................................

Datum.........................................

Die Registrateur van Tuisland-Koöperasies,
Posbus 384,
PRETORIA.

Meneer,

*1. Ons, die ondergetekendes,

(a) .........................................

(b) .........................................

(c) .........................................

(d) .........................................

(e) .........................................

(f) .........................................

doen hierby aansoek om die registrasie van 'n koöperasie(s) ooreenkomstig artikel 7 (1) van die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971.

2. Die volgende word ingesluit:

(a) Die oorspronklike en een afskrif van die voorgestelde regulasies;

(b) 'n naamlys ooreenkomstig artikel 7 (1) (c) van die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, waarin die volle name, persoonsnommers, geslag en beroep van elke lid aangetoon word;

(c) 'n naamlys, met ampshoedanighede, van bestuurskomiteelede;

(d) 'n skriftelike verklaring deur primêre tuisland-koöperasies dat hulle 'n sekondêre tuisland-koöperasie wil stig [Skrap (d) indien nie van toepassing nie].

3. Die naam wat vir die kooperasie voorgestel word, is.........................................

.........................................

.........................................

Die uwe,

.........................................
Voorsitter

.........................................
Sekretaris

* Dui aan, in geval van primêre koöperasies, die name van die voorsitter en sekretaris van die beoogde koöperasie en, in die geval van 'n sekondêre koöperasie, die naam van die voorsitter van die bestuurskomitee van elk van die betrokke primêre koöperasies.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



ANNEXURE B

CERTIFICATE OF REGISTRATION OF

..........................................

I, ..........................................

Registrar of Homeland Co-operatives, do hereby certify that..........

..........................................

has this day been registered under the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971, as a..........

Given under my hand at Pretoria, this.......... day of.........., One thousand Nine hundred and..........

..........................................

Registrar of Homeland Co-operatives

ANNEXURE C

MODEL REGULATIONS

*Name*

1. (i) The name of the co-operative is..........

and its permanent address is..........

(ii) The postal address is..........

(iii) Immediately after change of address the Registrar shall be notified in writing.

*Objects*

2. The objects of the co-operative shall be to promote the economic interests of its members, whether in the production, transport, marketing or consumption of products or in any other way. To achieve these objects, one or more of the following methods may be used:

(i) The collection of funds, for example, by raising entrance and membership fees.
(ii) The sale of producer goods to members.
(iii) The marketing of products.
(iv) The acquisition of any assets which are required for purposes of the business.
(v) The joint rendering of services to members in order to reduce costs.
(vi) Any other measures to promote the interests and standard of living of members as may be agreed upon and as may be approved by the Registrar of Homeland Co-operatives.

*Membership*

3. (i) Application for membership of the co-operative shall be made on a form obtainable from the secretary and shall be either signed or marked in the presence of a member of the committee and shall then be forwarded to the secretary.
(ii) Members shall be older than 18 years.
(iii) After the election of a management committee each application for membership shall be approved by the management committee. Such committee may also refuse membership without furnishing any reasons.
(iv) The names of all approved members shall be noted in a register and the register shall be maintained by the secretary.
(v) Members shall not belong to any other co-operative having the same objects.

*Ex officio members*

4. The Registrar of Homeland Co-operatives may in consultation with the management committee appoint *ex officio* members.

*Fees*

5. (i) An entrance fee of..........shall be payable at application for membership. This does not apply to *ex officio* members.
(ii) In addition, an annual membership fee of..........shall be payable before..........

*Resignation*

6. When a member resigns, his entrance fee shall be refunded to him after his obligations towards the co-operative have been fulfilled. This fee shall not be refundable when a member is expelled.

*Death*

7. On the death of a member any assets of that member with the co-operative shall be paid into his estate after his obligations towards the co-operative have otherwise been fulfilled.

*Financial year*

8. The financial year of the co-operative shall extend from the first day of July to the next succeeding last day of June, both days inclusive.

AANHANGSEL B

REGISTRASIESERTIFIKAAT VAN

..........................................

Ek, ..........................................

Registrateur van Tuisland-Koöperasies verklaar hierby dat..........

..........................................

op hierdie dag geregistreer is ingevolge die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, as 'n..........

Gegee onder my hand te Pretoria, op hede die.......... dag van..........Eenduisend Negehonderd..........

..........................................

Registrateur van Tuisland-Koöperasies

AANHANGSEL C

MODELREGULASIES

*Naam*

1. (i) Die naam van die koöperasie is.......... ..........en sy vaste adres is ..........
(ii) Die posadres is..........
(iii) Onmiddellik na verandering van die adres sal die Registrateur skriftelik daarvan in kennis gestel word.

*Doelstellings*

2. Die doelstellings van die koöperasie is om die ekonomiese belange van sy lede te bevorder, hetsy by die produksie, vervoer, bemarking of verbruik van produkte of op enige ander wyse. Om hierdie doelstellings te bereik, kan een of meer van die volgende metodes gevolg word:

(i) Die insameling van fondse, byvoorbeeld deur toetreegelde en ledegelde te hef.
(ii) Die verkoop van produksiegoedere aan lede.
(iii) Die bemarking van produkte.
(iv) Die verkryging van enige bates wat vir doeleindes van die besigheid nodig is.
(v) Die gesamentlike lewering van dienste aan lede om sodoende koste te verlaag.
(vi) Enige ander maatreëls om die belange en lewenstandaard van lede te bevorder soos daartoe besluit en deur die Registrateur van Tuisland-Koöperasies goedgekeur.

*Lidmaatskap*

3. (i) Aansoek om lid van die koöperasie te word, word op 'n vorm, wat van die sekretaris verkrygbaar is, gedoen en word òf onderteken òf met 'n merk voor 'n komiteelid voltooi en aan die sekretaris oorhandig.
(ii) Lede moet ouer as 18 jaar wees.
(iii) Na verkiesing van 'n bestuurskomitee moet elke aansoek om lidmaatskap deur die bestuurskomitee goedgekeur word, en dié komitee kan ook 'n aansoek om lidmaatskap weier sonder verstrekking van redes.
(iv) Die name van alle goedgekeurde lede word in 'n register aangeteken en die register word deur die sekretaris bygehou.
(v) Lede mag nie tot 'n ander koöperasie met dieselfde doelstellings behoort nie.

*Ex officio-lede*

4. *Ex officio*-lede kan deur die Registrateur van Tuisland-Koöperasies aangestel word in oorleg met die bestuurskomitee.

*Gelde*

5. (i) 'n Toetreegeld van..........is by aansoek om lidmaatskap betaalbaar. Dit geld nie vir *ex officio*-lede nie.
(ii) Daarbenewens is 'n jaarlikse ledegeld van.......... betaalbaar voor..........

*Bedanking*

6. By bedanking word die toetreegeld aan 'n lid terugbetaal, nadat sy verpligtings teenoor die Koöperasie andersins nagekom is. Dié geld is by 'n lid se uitsetting nie terugbetaalbaar nie.

*Afsterwe*

7. By die afsterwe van 'n lid word enige bates van daardie lid by die koöperasie, in sy boedel gestort nadat sy verpligtings teenoor die koöperasie andersins nagekom is.

*Boekjaar*

8. Die boekjaar van die koöperasie strek van die eerste dag van Julie tot die daaropvolgende laaste dag van Junie, beide dae inbegrepe.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Lapse of membership*

9. Membership shall lapse upon the member's—

(i) death;
(ii) expulsion by the management committee;
(iii) resignation, which shall be in writing.

*Reasons for expulsion*

10. Membership may be terminated by the management committee—

(i) should a member not normally make use of the services of the co-operative even though he himself may not have such services available;
(ii) should a member in any way harm the co-operative financially;
(iii) should the management committee consider it expedient in the public interest.

*Readmission of member*

11. An expelled member may after one year reapply for membership.

*Suspension of benefits*

12. The management committee may suspend one or more of the benefits of a member for such period as the committee may decide if the committee considers such suspension expedient for the effective functioning of the co-operative. Benefits shall, however, be restored upon expiration of that period.

*Outstanding debts*

13. Moneys owing to the co-operative may be recovered from benefits owing to the member by the co-operative

*Liability*

14. A member's liability for the debts of the co-operative shall be limited to the nominal value of his obligations towards the co-operative.

*Business*

15. (i) The co-operative may with the approval of the management committee undertake any type of business within the purview of the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971, and may, *inter alia*, erect, purchase, lease or hire buildings.
(ii) Where business is to be undertaken on behalf of non-members the approval of the Registrar of Homeland Co-operatives shall be required.
(iii) Receipts shall be issued at all times and duplicate copies thereof shall be retained in the books of the co-operative. In the event of credit being granted this fact shall be noted.

*Officials*

16. Use shall be made as much as possible of voluntary officials. When necessary, however, officials may be employed against payment.

*Financial arrangements*

17. (i) A bank or savings bank account shall be opened in the name of the co-operative.
(ii) Cheques or withdrawal vouchers shall be signed by any two of the following: the chairman, vice-chairman, secretary, treasurer or secretary/treasurer of the co-operative.
(iii) In the event of a manager of the co-operative having been appointed, he and one executive member of the management committee shall sign the cheques.
(iv) The secretary may be paid an honorarium provided the finances justify this and the management committee so decides.

*Capital*

18. The capital of the co-operative shall consist of:

(i) Entrance and membership fees.
(ii) Loans.
(iii) Surpluses.
(iv) Reserves.

*Bonuses*

19. A bonus may be paid to members from profits.

*Reserves*

20. Reserves shall not be claimable except as provided for in the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971.

*Surpluses*

21. (i) At least 25 per cent of the profits during a financial year shall be paid into the reserve fund annually.
(ii) Bonuses may be paid to members and concessions may be made to employees from the balance of the profits.
(iii) If concessions under (ii) are not claimed within one year, they shall be paid into the reserve fund.

*Verval van lidmaatskap*

9. Lidmaatskap verval by 'n lid se—

(i) dood;
(ii) uitsetting deur die bestuurskomitee;
(iii) bedanking, wat skriftelik moet wees.

*Redes vir uitsetting*

10. Lidmaatskap kan deur die bestuurskomitee beëindig word—

(i) indien 'n lid normaalweg nie van die dienste van die koöperasie gebruik maak nie alhoewel hy nie self oor sodanige dienste beskik nie;
(ii) indien 'n lid die koöperasie op die een of ander wyse finansieel benadeel;
(iii) indien die bestuurskomitee dit in die openbare belang dienstig ag.

*Hertoelating van lid*

11. 'n Uitgesette lid kan na een jaar weer om lidmaatskap aansoek doen.

*Opskorting van voordele*

12. Die bestuurskomitee kan een of meer van die voordele van 'n lid opskort vir 'n tydperk soos deur die komitee besluit indien die komitee sodanige opskorting dienstig ag ter wille van die doeltreffende funksionering van die koöperasie. Voordele word egter na dié tydperk verstryk het, herstel.

*Uitstaande skulde*

13. Gelde aan die koöperasie verskuldig, kan verhaal word uit voordele deur die koöperasie aan 'n lid verskuldig.

*Aanspreeklikheid*

14. 'n Lid se aanspreeklikheid vir die skulde van die koöperasie is beperk tot die nominale waarde van sy verpligtings teenoor die koöperasie.

*Besigheid*

15. (i) Die koöperasie kan enige tipe besigheid binne die bestek van die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, met die goedkeuring van die bestuurskomitee onderneem en kan onder meer geboue oprig, koop, huur of verhuur.
(ii) Waar besigheid ten behoewe van nie-lede gedoen moet word, is die goedkeuring van die Registrateur van Tuisland-Koöperasies nodig.
(iii) Kwitansies word te alle tye uitgemaak vir alle ontvangste en duplikaatafskrifte daarvan word in die koöperasie se boeke bewaar. In die geval van enige krediet wat verleen is, word dié feit ook aangeteken.

*Amptenare*

16. Daar moet van soveel moontlik vrywillige amptenare gebruik gemaak word. Waar egter nodig, kan amptenare teen besoldiging in diens geneem word.

*Geldelike reëlings*

17. (i) 'n Bankrekening of spaarbankrekening word op naam van die koöperasie geopen.
(ii) Tjeks of opvrabewyse word onderteken deur enige twee van die volgende: die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier of sekretaris/tesourier van die koöperasie.
(iii) Ingeval 'n bestuurder van die koöperasie aangestel is, teken hy en een uitvoerende lid van die bestuurskomitee die tjeks.
(iv) Die sekretaris kan 'n honorarium ontvang, mits die finansies dit regverdig en die bestuurskomitee daartoe besluit.

*Kapitaal*

18. Die kapitaal van die koöperasie bestaan uit:

(i) Toetree- en ledegeld.
(ii) Lenings.
(iii) Surplusse.
(iv) Reserwes.

*Bonusse*

19. 'n Bonus kan uit winste betaal word.

*Reserwes*

20. Reserwes is nie opeisbaar nie behalwe soos by die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, bepaal.

*Surplusse*

21. (i) Minstens 25 persent van die wins gedurende 'n boekjaar word jaarliks in die reserwefonds gestort.
(ii) Uit die saldo van die wins kan bonusse aan lede en toegewings aan werknemers betaal word.
(iii) Indien toegewings onder (ii) nie binne een jaar opgeëis word nie, word dit in die reserwefonds gestort.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Annual general meeting*

22. (i) An annual general meeting shall be held within 60 days of the end of the financial year after at least 14 days' notice thereof has been given to all members.
(ii) The annual general meeting (or a special general meeting) shall be the highest authority in the co-operative and one-tenth of the members shall form a quorum for the meeting.
(iii) Should there be no quorum, the meeting shall be postponed for 14 days and it shall then be held at the same time and place if those present form a quorum.
(iv) Resolutions shall be taken by a majority vote.
(v) Proper minutes shall be kept in one of the official languages.
(vi) Committees shall be elected at the meeting.
(vii) The financial report shall be discussed at the meeting and shall be submitted for approval.
(viii) The division of profits shall be discussed and approved at the meeting.
(ix) Any other measure may be discussed at the meeting provided at least 14 days' prior notice thereof has been given to all members.

*Special general meeting*

23. (i) A special general meeting may be called by the Registrar of Homeland Co-operatives or by the management committee or at the request of not less than one-tenth of the members after at least seven days' notice of such meeting has been given to all members.
(ii) A special general meeting (or the annual general meeting) shall be the highest authority in the co-operative and one-tenth of the members shall form a quorum for the meeting.
(iii) Should there be no quorum, the same procedure shall be followed as at the annual general meeting.
(iv) Resolutions shall be taken by a majority vote except where a majority of at least two-thirds is specifically required.
(v) Proper minutes shall be kept in one of the official languages.
(vi) Any amendment to the regulations shall be discussed and approved at the meeting.
(vii) During the meeting the acquisition of credit may be discussed.
(viii) During the meeting a member of the management committee may be removed from office.
(ix) Any other measure may be discussed at the meeting provided at least seven days' prior notice thereof has been given to all members.

*Right to vote*

24. (i) A member shall have one vote only.
(ii) *Ex officio* members shall also have the right to vote.

*Management committee*

25. (i) The management committee shall, in addition to the *ex officio* members, consist of five elected members and as many members as may have been nominated by the Registrar of the Homeland Co-operatives. From their number a chairman, a vice-chairman, a secretary and a treasurer or a secretary/treasurer shall be elected. Members shall retire annually but may be re-elected. *Ex officio* members shall not serve on the management committee as chairman or secretary or treasurer or secretary/treasurer.
(ii) Management committee members may resign in writing or they may, if they have, in the opinion of the committee, committed a serious offence, be removed from office.
(iii) At least six meetings of the management committee shall be held annually.
(iv) A resolution shall be taken by a majority vote and at least three management committee members, excluding *ex officio* members, shall be present at a meeting of the management committee.
(v) Proper minutes of all proceedings shall be kept in one of the official languages.

*Functions of management committee*

26. (1) The functions of the management committee embrace the following:
(i) To ensure that in all its actions and resolutions the provisions of the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971, are observed;
(ii) to ensure that the funds of the co-operative are properly disbursed and invested;
(iii) to control the keeping of books;
(iv) to keep a proper register of members;
(v) to deal direct with the Registrar of Homeland Co-operatives, or a person acting on his behalf, in all matters affecting him;
(vi) to give an account to members at the annual general meeting of the activities of the co-operative;
(vii) to promote the co-operative;
(viii) to convene meetings;

*Algemene jaarvergadering*

22. (i) 'n Algemene jaarvergadering word gehou binne 60 dae na die einde van die boekjaar nadat minstens 14 dae kennis daarvan aan al die lede gegee is.
(ii) Die algemene jaarvergadering (of 'n buitengewone algemene vergadering) is die hoogste gesag in die koöperasie en 'n tiende van die lede maak 'n kworum vir die vergadering uit.
(iii) As daar nie 'n kworum is nie word die vergadering 14 dae uitgestel en word op dieselfde tyd en plek gehou as almal dan teenwoordig 'n kworum uitmaak.
(iv) Besluite word deur 'n meerderheid van stemme geneem.
(v) Behoorlike notule word in een van die amptelike tale gehou.
(vi) Komitees word op die vergadering gekies.
(vii) Die finansiële verslag word op die vergadering bespreek en vir goedkeuring voorgelê.
(viii) Verdeling van winste word op die vergadering bespreek en goedgekeur.
(ix) Enige ander maatreël kan op die vergadering bespreek word indien minstens 14 dae voor die vergadering kennis daarvan aan al die lede gegee is.

*Buitengewone algemene vergadering*

23. (i) 'n Buitengewone algemene vergadering kan byeengeroep word deur die Registrateur van Tuisland-Koöperasies, of die bestuurskomitee of op versoek van minstens 'n tiende van die lede nadat minstens sewe dae kennisgewing van sodanige vergadering aan al die lede gegee is.
(ii) 'n Buitengewone algemene vergadering (of die algemene jaarvergadering) is die hoogste gesag in die koöperasie en 'n tiende van die lede maak 'n kworum vir die vergadering uit.
(iii) As daar nie 'n kworum is nie word dieselfde prosedure gevolg as op die algemene jaarvergadering.
(iv) Besluite word deur 'n meerderheid van stemme geneem behalwe waar 'n meerderheid van minstens twee-derdes spesifiek vereis word.
(v) Behoorlike notule word in een van die amptelike tale gehou.
(vi) Enige wysiging van die regulasies word op die vergadering bespreek en goedgekeur.
(vii) Tydens die vergadering kan die verkryging van krediet bespreek word.
(viii) Tydens die vergadering kan 'n lid van die bestuurskomitee van sy amp onthef word.
(ix) Enige ander maatreël kan op die vergadering bespreek word indien minstens sewe dae voor die vergadering kennis daarvan aan al die lede gegee is.

*Stemreg*

24. (i) Elke lid het slegs een stem.
(ii) *Ex officio*-lede het ook stemreg.

*Bestuurskomitee*

25. (i) Die bestuurskomitee bestaan, benewens die *ex officio*-lede, uit vyf verkose lede en uit soveel lede wat deur die Registrateur van Tuisland-Koöperasies daartoe benoem is. Uit hulle geledere word 'n voorsitter, 'n vise-voorsitter, 'n sekretaris en 'n tesourier of 'n sekretaris/tesourier gekies. Lede tree jaarliks af maar is herkiesbaar. *Ex officio*-lede mag nie in die bestuurskomitee as voorsitter of sekretaris of tesourier of sekretaris/tesourier dien nie.
(ii) Bestuurskomiteelede kan skriftelik bedank of kan, as hulle 'n ernstige misdryf volgens die oordeel van die komitee gepleeg het, van hul amp onthef word.
(iii) Minstens ses vergaderings van die bestuurskomitee word jaarliks gehou.
(iv) 'n Besluit word deur 'n meerderheid van stemme geneem en minstens drie bestuurskomiteelede, *ex officio*-lede uitgesluit, moet op 'n vergadering van die bestuurskomitee teenwoordig wees.
(v) Behoorlike notule van alle verrigtings word in een van die amptelike tale gehou.

*Funksies van bestuurskomitee*

26. (1) Die funksies van die bestuurskomitee behels die volgende:
(i) Om toe te sien dat in al sy handelinge en besluite aan die bepalings van die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, voldoen word;
(ii) om toe te sien dat die fondse van die koöperasie behoorlik bestee en belê word;
(iii) om die boekhouding te kontroleer;
(iv) om 'n behoorlike register van lede te hou;
(v) om onmiddellik met die Registrateur van Tuisland-Koöperasies of 'n persoon wat namens hom handel te skakel in al die sake wat hom raak;
(vi) om op die algemene jaarvergadering aan die lede rekenskap te gee van die werksaamhede van die organisasie;
(vii) om die koöperasie te bevorder;
(viii) om vergaderings byeen te roep;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ix) to determine the business policy of the co-operative;
(x) to decide whether staff is to be employed;
(xi) to handle the legal aspects (contracts shall be signed by three executive officers and thereafter they shall be binding on the whole co-operative. When the committee is hesitant about entering into a contract it shall obtain permission to enter into such contract at a special general meeting.);
(xii) to seek co-operation with other co-operatives;
(xiii) to open one or more bank accounts for the co-operative;
(xiv) to keep a record of loans to members and to ensure that the loans are recovered;
(xv) to maintain discipline in respect of members;
(xvi) to protect and promote the interests of the co-operative.

(2) The management committee is jointly and severally responsible for the affairs of the co-operative.

*Records*

27. The following documents shall be maintained:
(i) A register of members indicating the names, identity number, sex and occupation of each member.
(ii) Minutes of all meetings.
(iii) Receipt books reflecting all payments and deposits.
(iv) Cash books.
(v) Any other books or registers which the Registrar of Homeland Co-operatives may require.

*Marketing*

28. (a) If the co-operative provides for the marketing of produce of members, members shall market through the co-operative such of their produce as is not required for their own use.
(b) Upon a member's infringement of this regulation he may be fined an amount not exceeding R2 on the first infringement and an amount not exceeding R5 on any subsequent infringement. In addition, a member may be suspended upon repeated infringements.

*Disputes*

29. (a) Disputes concerning these regulations and the affairs of the co-operative shall firstly be referred to the management committee and thereupon to the annual general meeting or to a special general meeting and lastly to the Registrar of Homeland Co-operatives for a decision.
(b) The Registrar of Homeland Co-operatives may appoint an arbitrator whose decision shall be final and binding.

*Dissolution*

30. The co-operative may be dissolved in the manner provided for in the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971.

*General*

31. Each member shall be expected to observe these regulations and the Bantu Homeland Co-operatives Proclamation, 1971, at all times and to act accordingly and to remain loyal to the co-operative.

No. R. 118, 1971

## ESTABLISHMENT OF CISKEIAN LEGISLATIVE ASSEMBLY

Whereas the Ciskeian Territorial Authority established in terms of Government Notice R. 496 of 1961 has been duly consulted as provided for in the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971);

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sections 1, 2 and 5 of the said Bantu Homelands Constitution Act, 1971, I hereby—

(a) establish, with effect from 1 June 1971 (hereinafter referred to as the fixed date), a Legislative Assembly for the area described in the Schedule hereto, to be known as the Ciskeian Legislative Assembly;

(b) determine that the Ciskeian Legislative Assembly and the Executive Council for the said area shall as from the fixed date be constituted in the manner set out in the Ciskeian Territorial Authority Regulations contained in Schedule C to Proclamation R. 143 of 1968, as applied *mutatis mutandis* by section 24 (2) of the said Act, and that any person who at the fixed date is a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Executive Councillor or Executive Councillor in relation to the Ciskeian Territorial Authority or for the area of the Ciskeian Territorial Authority and who is a

(ix) om die besigheidsbeleid van die koöperasie te bepaal;
(x) om te besluit of personeel in diens geneem moet word;
(xi) om die wetlike aspekte te hanteer (kontrakte moet deur drie uitvoerende beamptes onderteken word waarna dit bindend is vir die hele koöperasie. Waar die komitee huiwerig is om 'n kontrak aan te gaan, moet hy op 'n buitengewone algemene vergadering toestemming kry om sodanige kontrak aan te gaan.);
(xii) om samewerking met ander koöperasies te probeer verkry;
(xiii) om een of meer bankrekenings vir die koöperasie te open;
(xiv) om 'n rekord te hou van lenings aan lede en toe te sien dat die lenings verhaal word;
(xv) om dissipline ten opsigte van lede te handhaaf;
(xvi) om die belange van die koöperasie te beskerm en te bevorder.

(2) Die bestuurskomitee is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die sake van die koöperasie.

*Rekords*

27. Die volgende dokumente moet bygehou word:
(i) 'n Lederegister wat die name, persoonsnommer, geslag en beroep van elke lid aandui.
(ii) Notule van alle vergaderings.
(iii) Kwitansieboeke wat alle betalings en deposito's aantoon.
(iv) Kasboeke.
(v) Enige ander boeke of registers wat die Registrateur van Tuisland-Koöperasies mag vereis.

*Bemarking*

28. (a) Indien die koöperasie voorsiening vir die bemarking van die produkte van lede maak, moet lede deur bemiddeling van die koöperasie daardie gedeelte van hul produkte wat hulle nie vir eie gebruik nodig het nie, bemark.
(b) 'n Lid kan by oortreding van dié regulasie beboet word met 'n bedrag van hoogstens R2 by die eerste oortreding en 'n bedrag van hoogstens R5 by enige verdere oortreding. Hierbenewens kan 'n lid ook geskors word as hy herhaaldelik oortree.

*Geskille*

29. (a) Geskille wat hierdie regulasies en die sake van die koöperasie betref, word eers na die bestuurskomitee en vorvolgens na die algemene jaarvergadering of 'n buitengewone algemene vergadering en laastens na die Registrateur van Tuisland-Koöperasies verwys vir 'n beslissing.
(b) Die Registrateur van Tuisland-Koöperasies kan 'n arbiter aanstel wie se beslissing finaal en bindend is.

*Ontbinding*

30. Ontbinding van die koöperasie kan geskied op die wyse soos bepaal word in die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971.

*Algemeen*

31. Daar word van elke lid verwag om hierdie regulasies en die Proklamasie op Bantoetuisland-Koöperasies, 1971, te alle tye te gehoorsaam en om daarvolgens op te tree en aan die koöperasie lojaal te bly.

No. R. 118, 1971

## INSTELLING VAN CISKEISE WETGEWENDE VERGADERING

Nademaal die Ciskeise Gebiedsowerheid ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing R. 496 van 1961 behoorlik geraadpleeg is soos bepaal by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971);

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 1, 2 en 5 van genoemde Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, hierby—

(a) met ingang van 1 Junie 1971 (hieronder genoem die vasgestelde datum) 'n Wetgewende Vergadering instel vir die gebied beskryf in die Bylae hiervan, wat bekend sal staan as die Ciskeise Wetgewende Vergadering;

(b) bepaal dat die Ciskeise Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Raad vir genoemde gebied vanaf die vasgestelde datum saamgestel word op die wyse uiteengesit in die Ciskeise Gebiedsowerheidsregulasies vervat in Bylae C van Proklamasie R. 143 van 1968, soos *mutatis mutandis* toegepas by artikel 24 (2) van genoemde Wet, en dat enige persoon wat op die vasgestelde datum 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoof-uitvoerenderaadslid of Uitvoerenderaadslid is met betrekking tot die Ciskeise Gebiedsowerheid of vir die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



citizen of the area concerned, shall be a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Executive Councillor or Executive Councillor, as the case may be, in relation to the Ciskeian Legislative Assembly or for the area of the Ciskeian Legislative Assembly in terms of the said regulations, as so applied;

(c) determine that the period of office of any person who holds an office in relation to the Ciskeian Legislative Assembly or for the area of the Ciskeian Legislative Assembly in terms of paragraph (b) shall expire on the date on which his period of office in relation to the Ciskeian Territorial Authority would have expired if that Authority had not been disestablished, and that for the purpose of calculating the date in terms of this paragraph a session of the Ciskeian Legislative Assembly shall be deemed to be a session of the Ciskeian Territorial Authority.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Seventh day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

AREA OF THE CISKEIAN LEGISLATIVE ASSEMBLY

The area consisting of the areas of—

(a) the Ndlambe Regional Authority, District of East London, established by Government Notice 512 of 1958;

(b) the Keiskammahoek Regional Authority, District of Keiskammahoek, established by Government Notice 644 of 1958;

(c) the Dikeni Regional Authority, District of Victoria East, established by Government Notice 1581 of 1958;

(d) the Middledrift Regional Authority, District of Middledrift, established by Government Notice 1810 of 1958;

(e) the King William's Town Regional Authority, District of King William's Town, established by Government Notice 1909 of 1958;

(f) the Khotla la Sechaba-Bandle le Sizwe Regional Authority, District of Herschel, established by Government Notice 4 of 1959;

(g) the Ngqushwa Regional Authority, District of Peddie, established by Government Notice 771 of 1960; and

(h) the Glen Grey Regional Authority, District of Glen Grey, established by Government Notice 8 of 1965.

R203/4

No. R. 119, 1971

ESTABLISHMENT OF VENDA LEGISLATIVE ASSEMBLY

Whereas the Venda Territorial Authority established in terms of Government Notice R. 1864 of 1962 has been duly consulted as provided for in the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971);

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sections 1, 2 and 5 of the said Bantu Homelands Constitution Act, 1971, I hereby—

(a) establish, with effect from 1 June 1971 (hereinafter referred to as the fixed date), a Legislative Assembly for the area described in the Schedule hereto, to be known as the Venda Legislative Assembly;

gebied van die Ciskeise Gebiedsowerheid en wat 'n burger van die betrokke gebied is, 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoof-uitvoerenderaadslid of Uitvoerenderaadslid is, na gelang van die geval, met betrekking tot die Ciskeise Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Ciskeise Wetgewende Vergadering kragtens genoemde regulasies, soos aldus toegepas;

(c) bepaal dat die ampstermyn van enige persoon wat 'n ampsdraer is ten opsigte van die Ciskeise Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Ciskeise Wetgewende Vergadering kragtens paragraaf (b), op die datum verstryk waarop sy ampstermyn sou verstryk het ten opsigte van die Ciskeise Gebiedsowerheid indien dié owerheid nie ontbind was nie en dat vir die berekening van die datum ooreenkomstig hierdie paragraaf 'n sessie van die Ciskeise Wetgewende Vergadering geag word 'n sessie van die Ciskeise Gebiedsowerheid te wees.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

GEBIED VAN DIE CISKEISE WETGEWENDE VERGADERING

Die gebied bestaande uit die gebiede van—

(a) die Ndlambe-streeksowerheid, distrik Oos-Londen, ingestel by Goewermentskennisgewing 512 van 1958;

(b) die Keiskammahoekstreeksowerheid, distrik Keiskammahoek, ingestel by Goewermentskennisgewing 644 van 1958;

(c) die Dikeni-streeksowerheid, distrik Victoria-Oos, ingestel by Goewermentskennisgewing 1581 van 1958;

(d) die Middledriftstreeksowerheid, distrik Middledrift, ingestel by Goewermentskennisgewing 1810 van 1958;

(e) die King William's Town-streeksowerheid, distrik King William's Town, ingestel by Goewermentskennisgewing 1909 van 1958;

(f) die Khotla la Sechaba-Bandle le Sizwe-streeksowerheid, distrik Herschel, ingestel by Goewermentskennisgewing 4 van 1959;

(g) die Ngqushwa-streeksowerheid, distrik Peddie, ingestel by Goewermentskennisgewing 771 van 1960; en

(h) die Glen Grey-streeksowerheid, distrik Glen Grey, ingestel by Goewermentskennisgewing 8 van 1965.

R203/4

No. R. 119, 1971

INSTELLING VAN VENDA-WETGEWENDE VERGADERING

Nademaal die Venda-gebiedsowerheid ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing R. 1864 van 1962 behoorlik geraadpleeg is soos bepaal by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971);

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 1, 2 en 5 van genoemde Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, hierby—

(a) met ingang van 1 Junie 1971 (hieronder genoem die vasgestelde datum), 'n Wetgewende Vergadering instel vir die gebied beskryf in die Bylae hiervan, wat bekend sal staan as die Venda-Wetgewende Vergadering;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) determine that the Venda Legislative Assembly and the Executive Council for the said area shall as from the fixed date be constituted in the manner set out in the Venda Territorial Authority Regulations contained in Schedule C to Proclamation R. 168 of 1969, as applied *mutatis mutandis* by section 24 (2) of the said Act, and that any person who at the fixed date is a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Councillor or Councillor in relation to the Venda Territorial Authority or for the area of the Venda Territorial Authority and who is a citizen of the area concerned, shall be a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Councillor or Councillor, as the case may be, in relation to the Venda Legislative Assembly or for the area of the Venda Legislative Assembly in terms of the said regulations, as so applied;

(c) determine that the period of office of any person who holds an office in relation to the Venda Legislative Assembly or for the area of the Venda Legislative Assembly in terms of paragraph (b) shall expire on the date on which his period of office in relation to the Venda Territorial Authority would have expired if that Authority had not been disestablished, and that for the purpose of calculating the date in terms of this paragraph a session of the Venda Legislative Assembly shall be deemed to be a session of the Venda Territorial Authority.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Seventh day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

AREA OF THE VENDA LEGISLATIVE ASSEMBLY

The area consisting of the areas of—

(a) the Vhembe Regional Authority, District of Sibasa, established in terms of Government Notice 1254 of 1959;

(b) The Ramabulana Regional Authority, District of Louis Trichardt, established in terms of Government Notice 608 of 1959; and

(c) the Groot Spelonke Regional Authority, Districts of Louis Trichardt and Letaba, established in terms of Government Notice 1159 of 1959.

R206/4

(b) bepaal dat die Venda-Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Raad vir genoemde gebied vanaf die vasgestelde datum saamgestel word op die wyse uiteengesit in die Venda-gebiedsowerheidsregulasies vervat in Bylae C van Proklamasie R. 168 van 1969, soos *mutatis mutandis* toegepas by artikel 24 (2) van genoemde Wet, en dat enige persoon wat op die vasgestelde datum 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoofraadslid of Raadslid is met betrekking tot die Venda-gebiedsowerheid of vir die gebied van die Venda-gebiedsowerheid en wat 'n burger van die betrokke gebied is, 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoofraadslid of Raadslid is, na gelang van die geval, met betrekking tot die Venda-Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Venda-Wetgewende Vergadering kragtens genoemde regulasies, soos aldus toegepas;

(c) bepaal dat die ampstermyn van enige persoon wat 'n ampsdraer is ten opsigte van die Venda-Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Venda-Wetgewende Vergadering kragtens paragraaf (b), op die datum verstryk waarop sy ampstermyn sou verstryk het ten opsigte van die Venda-gebiedsowerheid indien dié owerheid nie ontbind was nie en dat vir die berekening van die datum ooreenkomstig hierdie paragraaf 'n sessie van die Venda-Wetgewende Vergadering geag word 'n sessie van die Venda-gebiedsowerheid te wees.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

GEBIED VAN DIE VENDA-WETGEWENDE VERGADERING

Die gebied bestaande uit die gebiede van—

(a) die Vhembe-streeksowerheid, distrik Sibasa, ingestel by Goewermentskennisgewing 1254 van 1959;

(b) die Ramabulana-streeksowerheid, distrik Louis Trichardt, ingestel by Goewermentskennisgewing 608 van 1959; en

(c) die Groot-Spelonke-streeksowerheid, distrikte Louis Trichardt en Letaba, ingestel by Goewermentskennisgewing 1159 van 1959. R206/4

No. R. 121, 1971

MEAT TRADE CONTROL ORDINANCE (S.W.A.), 1962.—AMENDMENT

Under the powers vested in me by virtue of section 20 of the South-West Africa Affairs Act, 1969 (No. 25 of 1969), I hereby amend the Meat Trade Control Ordinance (S.W.A.), 1962 (No. 20 of 1962), as amended, as set out in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twelfth day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

No. R. 121, 1971

VLEISHANDELBEHEERORDONNANSIE (S.W.A.), 1962.—WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 20 van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (No. 25 van 1969), wysig ek hierby die Vleishandelbeheerordonnansie (S.W.A.), 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twaalfde dag van Mei Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

The Meat Trade Control Ordinance (S.W.A.), 1962 (No. 20 of 1962), as amended, is hereby further amended as follows:

1. Section 2 is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Board shall consist of five members appointed by the Minister, of whom one shall be an officer in the public service, and in appointing the other four members the Minister shall have due regard to the interests of the meat trade and of the cattle farmers, sheep farmers and pig farmers of the Territory. In addition to the said members the Minister may appoint not more than two assessor members to serve in an advisory capacity.".

2. The following section is hereby inserted after section 2A:

"2B: (1) The Board shall whenever it becomes necessary, elect one of its members to be the Chairman of the Board.

(2) The Chairman of the Board shall, subject to his remaining a member of the Board, hold office as Chairman for the period terminating on the date of the first meeting of the Board held subsequent to the expiration of one year after the date of his election and be eligible for re-election as Chairman.

(3) Whenever the Chairman is absent or unable to fulfil his functions, the Board shall elect another of its members to act as Chairman.".

3. Section 9 is hereby amended by the insertion after paragraph (c) of the following paragraphs:

"(cA) control of the exportation of livestock from the Territory;

(cB) control of the consignment of livestock to abattoirs in the Territory;".

BYLAE

Die Vleishandelbeheerordonnansie (S.W.A.), 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Artikel 2 word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Raad bestaan uit vyf lede aangestel deur die Minister van wie een lid 'n beampte van die staatsdiens moet wees en by die aanstelling van die ander vier lede moet die Minister behoorlik rekening hou met die belange van die vleishandel en van die bees-, skaap- en varkboere van die Gebied. Behalwe genoemde lede kan die Minister hoogstens twee assessorlede aanstel om te dien in raadgewende hoedanigheid.".

2. Die volgende artikel word hierby na artikel 2A ingevoeg:

"2B: (1) Die Raad kies so dikwels as wat dit nodig word een van sy lede as Voorsitter van die Raad.

(2) Mits hy lid van die Raad bly, beklee die Voorsitter van die Raad sy amp as Voorsitter vir die tydperk wat eindig op die eerste vergadering van die Raad gehou na verstryking van een jaar na die datum van sy verkiesing en kan hy as Voorsitter herkies word.

(3) Wanneer die Voorsitter afwesig is of nie in staat is om enige van sy werksaamhede te verrig nie, moet die Raad een van sy ander lede kies om as Voorsitter op te tree.".

3. Artikel 9 word hierby gewysig deur na paragraaf (c) die volgende paragrawe in te voeg:

"(cA) beheer oor die uitvoer van lewende hawe uit die Gebied;

(cB) beheer oor die versending van lewende hawe na abattoirs in die Gebied;".

# GOVERNMENT NOTICES

